Universiteit van Pretoria Jaarboek 2018

BTh (06130006)

Minimum duur van studie	3 jaar
Totale krediete	375

Programinligting

Hierdie program het ten doel om algemene teologiese opleiding aan studente te verskaf wat die Nasionale Senior Sertifikaat geslaag het vir graadstudies. Dit bied ’n basis vir eie-kerklike programme, vorming en praktiese opleiding met die oog op Woordbediening.

’n Vaste leergang met beperkte keuses word voorgeskryf. ’n Student wat vir hierdie program wil registreer, moet aan die begin van elke akademiese jaar sy of haar leergang aan die Programkoördineerder vir goedkeuring voorlê.

Toelatingsvereistes

- Die volgende persone sal vir toelating oorweeg word: ‘n kandidaat wat oor ‘n sertifikaat beskik wat deur die Universiteit as gelykstaande aan die vereiste Graad 12-sertifikaat met toelating vir graaddoeleindes aanvaar word; ‘n kandidaat wat ‘n gegradueerde van ‘n ander tersiêre instelling is of die status van ‘n gegradueerde van so ‘n instelling geniet; en ‘n kandidaat wat ‘n gegradueerde van ‘n ander fakulteit van die Universiteit van Pretoria is.
- Lewensoriëntering word uitgesluit by die berekening van die TPT.?

Minimum vereistes				
Prestasievlak				**TPT**
Afrikaans of Engels				
NSS/IEB	**HIGCSE**	**AS-Level**	**A-Level**	
4	3	D	D	25

Ander programspesifieke inligting

Notas:

- Die modules waarna verwys word, is semestermodules.
- ALL 110 en ALL 120 moet gedurende die eerste studiejaar van die program afgehandel word as deel van die voorgeskrewe leerplan.
- Rekenaargeletterdheid: Die volgende modules gedurende die eerste jaar van studie afgehandel word: AIM 111 en AIM 121.

- Indien hierdie program aan ’n seminarie of kollege gevolg word (in navolging van ’n ooreenkoms tussen so ’n instelling en die Universiteit van Pretoria), word die semestermodules tydens dieselfde registrasieperiode aangebied.
- Sekere modules is ’n voorvereiste vir latere modules.
- Indien daar nie genoeg studente vir ’n module inskryf ten einde die aanbieding daarvan ekonomies te regverdig nie, kan die Dekaan besluit om so ’n module te onttrek. Studente sal betyds van so ’n besluit ingelig word, sodat hulle vir ’n ander module kan inskryf.
- Die onderrigrooster moet in aanmerking geneem word.
- ’n Student mag die getal modules per studiejaar met twee semestermodules of een jaarmodule oorskry, mits die Dekaan dit goedkeur.

Eksamens en slaagvereistes

Spesiale eksamen
Sien Algemene Regulasies G.12.4 en G.12.6.
’n Student wat aan al die vereistes vir die graad voldoen het met uitsondering van hoogstens twee semestermodules of een jaarmodule waarin hy of sy ’n gesamentlike syfer van minstens 40% behaal het, mag toegelaat word om aan die einde van die daaropvolgende semester ’n spesiale eksamen in die betrokke modules af te lê.

Bevordering tot volgende studiejaar

1. Om tot modules van die tweede studiejaar toegelaat te word, moet ’n student in minstens sewe semestermodules slaag, tensy die Dekaan anders beslis.
2. Om tot modules van die derde studiejaar toegelaat te word, moet ’n student in minstens 15 semestermodules slaag, waarby ingesluit Grieks 110 en 120 en Hebreeus 110 en 120, tensy die Dekaan anders beslis.
3. Om tot modules van die vierde studiejaar toegelaat te word, moet ’n student 24 semestermodules slaag, waarby ingesluit Grieks 210 en 220 en Hebreeus 210 en 220, tensy die Dekaan anders beslis.

Akademiese uitsluiting
Die Dekaan mag op aanbeveling van die betrokke fakulteitskomitee, ’n student akademies uitsluit deur die registrasie vir die bepaalde jaar of vir die volgende jaar te beëindig, indien hy/sy nie aan die minimum vereistes voldoen nie. U mag teen akademiese uitsluiting appelleer.

Slaag met lof

Die graad word met lof aan ‘n student toegeken wat ten minste ‘n gemiddelde van 75% (GPA) in al die voorgeskrewe modules van die finale jaar behaal het en 75% in die onafhanklike studie (OST 410), op voorwaarde dat nie een van die modules voorheen gedruip is nie en dat die program binne die voorgeskrewe minimum tydperk voltooi is.

Kurrikulum: Jaar 1

Minimum krediete: 120

Keusemodules

A semester module van 'n ander fakulteit moet gekies word, indien nodig.Die minimum krediet benodig is 120.

Fundamentele modules

Akademiese inligtingbestuur 101 (AIM 101) - Krediete: 6.00
Akademiese inligtingbestuur 111 (AIM 111) - Krediete: 4.00
Akademiese inligtingbestuur 121 (AIM 121) - Krediete: 4.00
Akademiese geletterdheid 110 (ALL 110) - Krediete: 6.00
Akademiese geletterdheid vir Teologie 120 (ALL 120) - Krediete: 6.00
Akademiese oriëntasie 105 (UPO 105) - Krediete: 0.00

Kernmodules

Die wêreld van die Ou Testament 110 (BYA 110) - Krediete: 10.00
Die wêreld van die Nuwe Testament 120 (BYA 120) - Krediete: 10.00
Vroeë kerk 110 (CHS 110) - Krediete: 10.00
Inleiding in die dogmatiek en Christelike etiek 120 (DCE 120) - Krediete: 10.00
Inleiding in godsdiens- en sendingwetenskap 120 (GSW 120) - Krediete: 10.00
Inleiding in die Nuwe Testament 120 (NTW 120) - Krediete: 10.00
Narratiewe 110 (OTW 110) - Krediete: 10.00
Jeugbediening en Christelike onderrig 110 (PTH 110) - Krediete: 10.00
Teologiese oriëntasie 101 (TEO 101) - Krediete: 10.00
Teologiese oriëntasie 102 (TEO 102) - Krediete: 10.00

Keusemodules

English 110 (ENG 110) - Krediete: 12.00
English 120 (ENG 120) - Krediete: 12.00
Filosofie 110 (FIL 110) - Krediete: 12.00
Filosofie 120 (FIL 120) - Krediete: 12.00
Sosiologie 110 (SOC 110) - Krediete: 12.00
Sosiologie 120 (SOC 120) - Krediete: 12.00

Kurrikulum: Jaar 2

Minimum krediete: 135

Kernmodules

Reformasie en postreformasie 210 (CHS 210) - Krediete: 10.00
Moderne kerkgeskiedenis 220 (CHS 220) - Krediete: 10.00
Gemeenskapsbetrokkenheid 210 (CYE 210) - Krediete: 15.00
Antropologie, Christologie en soteriologie 210 (DCE 210) - Krediete: 10.00
Skrifgesag en skrifgebruik 220 (DCE 220) - Krediete: 10.00
'n Seleksie van sleutelbegrippe en temas in Godsdienswetenskap en sending 210 (GSW 210) - Krediete: 10.00
Christelike godsdiens in Derde Wêreld 220 (GSW 220) - Krediete: 10.00
Studie van Johannes 210 (NTW 210) - Krediete: 10.00
Studie van Lukas-Handelinge 220 (NTW 220) - Krediete: 10.00
Eksegetiese metodiek en die Vroeë Profete 210 (OTW 210) - Krediete: 10.00
Digters en apokaliptiek 220 (OTW 220) - Krediete: 10.00
Pastorale sorg in konteks 210 (PTH 210) - Krediete: 10.00
Prediking en erediens 220 (PTH 220) - Krediete: 10.00

Kurrikulum: Finale jaar

Minimum krediete: 120

Keusemodules:

Ses (6) modules van die voorgeskrewe lys, in slegs een vak mag albei keusemodules gekies word.

Kernmodules

Kerkgeskiedenis in Afrika en Suid-Afrika 310 (CHS 310) - Krediete: 10.00
Sosiale etiek, ekklesiologie en eskatologie 310 (DCE 310) - Krediete: 10.00
Sending in praktyk 310 (GSW 310) - Krediete: 10.00
Paulusstudies 310 (NTW 310) - Krediete: 10.00
Die Pentateug 310 (OTW 310) - Krediete: 10.00
Diakonaat en gemeenskapsontwikkeling 310 (PTH 310) - Krediete: 10.00

Keusemodules

Kerkreg 320 (CHS 320) - Krediete: 10.00
Hedendaagse strominge in die Sistematiese Teologie 320 (DCE 320) - Krediete: 10.00
In gesprek met wêreldgodsdienste 320 (GSW 320) - Krediete: 10.00
Deutero-Pauliniese studies 320 (NTW 320) - Krediete: 10.00
Seleksie van die Profete 320 (OTW 320) - Krediete: 10.00
Pastorale beraad 320 (PTH 320) - Krediete: 10.00

Die inligting wat hier verskyn, is onderhewig aan verandering en kan na die publikasie van hierdie inligting gewysig word.. Die Algemene Regulasies (G Regulasies) is op alle fakulteite van die Universiteit van Pretoria van toepassing. Dit word vereis dat elke student volkome vertroud met hierdie regulasies sowel as met die inligting vervat in die Algemene Reëls sal wees. Onkunde betrefffende hierdie regulasies en reels sal nie as 'n verskoning by oortreding daarvan aangebied kan word nie.